The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

VOLKSBLAD 2012/02/22 Page: 7

AVE: R 1533.62

# AfriForum veg vir matrieks

**Alet Rademeyer**

PRETORIA. – AfriForum-Jeug se prokureurs het gister 'n aanmaningsbrief aan die departement van basiese onderwys gestuur waarin hulle eis dat die departement alle uitstaande matrieksertifikate binne twee weke beskikbaar moet stel.

Sommige leerlinge wag sedert 2008 om hul matrieksertifikate te ontvang.

"Die aanmaningsbrief wys die departement daarop dat hulle leerlinge regstreeks van hul grondwetlike reg tot billike administrasie ontneem. Hul versuim om matrieksertifikate uit te reik, is onwettig," het mnr. Charl Oberholzer, nasionale voorsitter van AfriForum-Jeug, gesê. Vroeër vandeesmaand is berig oor kandidate wat sukkel om finale matrieksertifikate te kry.

Een van hulle is me. Amy Beukes, 'n student aan die Universiteit van Pretoria (UP), wat vrees dat sy nie volgende jaar haar graad sal kan verwerf as sy nie bewys van haar sertifikaat kan lewer nie.

Die departement voer aan stelselprobleme is die rede waarom gekombineerde sertifikate nie gedruk kan word nie. Dit raak alle matrikulante sedert 2008 wat aanvullende eksamens geskryf het of bykomende vakke geneem het.

AfriForum-Jeug het leerlinge uitgenooi wat nie hul matrieksertifikate ontvang het nie, om hul besonderhede op www.afriforumjeug.co.za te plaas. AfriForum-Jeug tree ook namens Beukes en ander leerlinge uit onder meer die Wes-Kaap, Oos-Kaap, Vrystaat, Mpumalanga en Gauteng op.